# Solidariteit se opleidingsvoordeel: Bepalings en voorwaardes

**12 Mei 2024**

**Weergawe 2**

1. Bepalings en voorwaardes:

1.1 Hierdie voordeel is slegs beskikbaar vir volwaardige Solidariteit-lede en/of hul afhanklike kind/-ers wat aan een van die volgende akademiese instellings studeer:

- Akademia
- Sol-Tech
- Bo-Karoo Opleiding
- Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut
- Die Wolkskool (Solidariteit Skoleondersteuningsentrum)

1.1.1 Die voordeel geld slegs vir studie van 'n jaar of langer aan Akademia, Sol-Tech en Bo-Karoo Opleiding. By Helpende Hand se Opleidingsinstituut geld dit slegs vir die Tuisversorging-kursus.

1.2 Solidariteit sal die voordeel direk aan die betrokke akademiese instellings waar die lid of afhanklike kind/-ers as student geregistreer is, betaal. Die waarde van die voordeel is:

1.2.1 R3 000,00 (drie duisend rand) indien die lid vir 12 maande, maar minder as 5 jaar, 'n lid van Solidariteit is.

1.2.2 R6 000,00 (ses duisend rand) indien die lid vir 5 jaar, maar minder as 10 jaar, 'n lid van Solidariteit is.

1.2.3 R9 000,00 (nege duisend rand) indien die lid vir 10 jaar of langer 'n lid van Solidariteit is.

1.2.4 Gratis toegang tot Die Wolkskool vir drie maande indien die lid vir een maand of langer 'n volwaardige lid van Solidariteit is.

1.3 Die tydperk van lidmaatskap word bereken vanaf die datum van aansluiting as volwaardige Solidariteit-lid tot op die datum van die aanvang van die studie.

1.4 Geen lid mag lidmaatskapgelde vooruit of terugwerkend betaal om vir die voordeel te kwalifiseer nie.

1.5 Hierdie voordeel is slegs 'n eenmalige voordeel per student en geen student wat reeds hierdie voordeel ontvang het of voor 2025 'n studievoordeel vanaf Solidariteit ontvang het, sal weer vir hierdie voordeel kwalifiseer nie.

1.6 Die lid en/of die lid se afhanklike kind/-ers moet reeds 'n ingeskrewe student by die akademiese instelling wees ten tye van die aansoek vir die voordeel.

1.7 Deur hierdie aansoek te voltooi en aan Solidariteit te stuur, beteken nie dat u aansoek goedgekeur is nie. Solidariteit sal u skriftelik in kennis stel of u aansoek goedgekeur is al dan nie.

2. Uitbetaling van die voordeel:

2.1 Solidariteit sal die voordeelbedrag direk aan die betrokke akademiese instelling betaal.

2.2 Die uitbetaling sal binne 14 dae nadat die aansoek om hierdie voordeel goedgekeur is, aan die akademiese instelling oorbetaal word.

3. "Afhanklike kind/-ers" beteken die volwaardige lid se kind/-ers of aangenome kind/-ers wat op die datum van die aanvang van die studie nog nie 22 jaar oud is nie. Indien die lid se kind/-ers reeds 22 jaar oud is, sal sodanige kind/-ers nie vir die

voordeel in aanmerking kom nie, tensy sodanige kind/-ers self 'n lid van Solidariteit is en die tydperk van lidmaatskap voldoende is om vir die voordeel te kwalifiseer.

4. Slegs volwaardige lede en/of hulle afhanklike kind/-ers wat aan hierdie bepalings en voorwaardes voldoen, kwalifiseer vir hierdie voordeel, maar Solidariteit-lede met 'n Jongwerkende-lidmaatskap kwalifiseer ook indien hulle vóór die aansoek om die voordeel as 'n volwaardige lid van Solidariteit aansluit. Die tydperk van Solidariteit se Jongwerkende-lidmaatskap sal in aanmerking geneem word om te bepaal of die lid vir die voordeel kwalifiseer.

5. Indien die student sy of haar studie kanselleer, sal die voordeel nie aan die student of die lid uitbetaal word nie.

6. Kwalifisering vir hierdie voordeel sal ten alle tye onderhewig wees aan die bepalings en voorwaardes soos in hierdie dokument uiteengesit.

7. Hierdie voordeel tree op 1 Januarie 2025 in werking.